- (c) Geen kennisgewing word ingevolge paragraaf (a) gepubliseer wat na die oordeel van die Minister in 'n wesenlike opsig verskil van die voorlopige kennisgewing wat dit ingevolge paragraaf (b) voorafgegaan het nie.
- (d) Die Minister kan op dergelike wyse 'n kragtens paragraaf (a) gepubliseerde kennisgewing wysig of intrek.

Omskrywing van „verdienste”.

3. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken „verdienste” enige betaling in kontant of in natura of sowel in kontant as in natura gemaak of verskuldig aan enige persoon, wat op enige wyse hoegenaamd uit diens ontstaan, en ook enige lewenskostetoelae, maar nie ook—

- in the form of an annuity, including probationer nurses so employed whether they contribute to a pension fund or not; or
- (n) persons who in terms of section 23 of the Vocational Education Act, 1955 (Act No. 70 of 1955), are for all purposes in respect of pension and retirement benefits dealt with as if they were employed in posts classified in the public service; or
 - (o) (i) persons who are in terms of section 5 of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), in the permanent employment of the railway administration;
(ii) persons employed by the said administration on its regular non-European staff establishment; or
 - (p) officers of Parliament; or
 - (q) a person who is a member of a pension or provident fund administered by his employer or to which his employer contributes and from which such person is upon retirement entitled to receive a pension payable in whole or in part in the form of an annuity and which fund the Minister has, after consultation with the board, approved for the purposes of this paragraph: Provided that the Minister may at any time withdraw such approval with effect from a date which shall be notified in writing to the employer concerned by the Secretary; or
 - (r) seasonal workers.
- (3) Where a person is employed by two or more employers that person shall for the purposes of this Act be regarded as a contributor only in respect of that employment which in the opinion of the Secretary constitutes his normal employment, and the Secretary may, in coming to a decision under this subsection, have regard, in addition to any other circumstances, to the amount of the earnings received from the respective employers.
- (4) (a) The Minister may, after consultation with the Minister of Defence, by notice in the *Gazette* declare that, as from a date specified in the notice, which date may be a date prior to the date of commencement of this Act, any class of persons employed in terms of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), or any other law relating to the defence of the Republic, shall not for the purposes of this Act be regarded as contributors.
- (b) The Minister may in like manner amend or withdraw any such notice.
- (5) (a) The Minister may, subject to the provisions of paragraphs (b) and (c) and after consultation with the board, by notice in the *Gazette* declare that as from a date specified in the notice any specified class of persons, or any person employed in any specified business or section of a business or in any specified area, shall not for the purposes of this Act be regarded as contributors. The purport of any such declaration shall be published in a newspaper or newspapers circulating in the area or areas concerned.
- (b) Before publishing a notice under paragraph (a), the Minister shall cause to be published in the *Gazette* and in a newspaper or newspapers circulating in the area or areas concerned a provisional notice setting forth the purport of the notice he proposes to publish under paragraph (a) and calling upon all interested persons who have any objections to the proposed notice or the proposed provisions thereof, to submit such objections in writing to the Secretary within a specified period of not less than thirty days from the date of the publication of the provisional notice.
- (c) No notice which, in the opinion of the Minister, differs in a material respect from the provisional notice which preceded it in terms of paragraph (b), shall be published under paragraph (a).
- (d) The Minister may in like manner amend or withdraw any notice published under paragraph (a).

3. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates, **Definition of "earnings"** "earnings" means any payment in money or in kind or both in money and in kind made or owing to any person, which arises in any manner whatsoever out of employment, and includes any cost of living allowance, but does not include—

- (a) die waarde van die opleiding waarop iemand ingevolge 'n vakleerlingskap- of leerlingskapkontrak geregtig is nie;
 - (b) 'n bedrag wat by wyse van kommissie of as 'n aandeel in ontvangste ontvang word nie;
 - (c) 'n addisionele betaling bereken op die hoeveelheid of omvang van die werk wat gedoen is nie, uitgesonderd 'n bedrag wat ingevolge 'n wetsbepaling of andersins as minimum besoldiging gewaarborg word;
 - (d) 'n besoldiging vir oortyd nie; of
 - (e) 'n spesiale betaling, spesiale bonus of spesiale toelaag nie, tensy die Minister, na oorlegpleging met die raad, òf oor die algemeen òf ten opsigte van 'n bydraer of klas bydraer, anders bepaal.
- (2) Die Minister kan, na oorlegpleging met die raad, 'n bepaling wat ingevolge subartikel (1) (e) gedoen is, intrek of wysig.

Omskrywing van „werkgewer”.

4. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en tensy uit die samehang anders blyk, beteken „werkgewer” in hierdie Wet 'n persoon wat 'n bydraer in diens het en ook die Staat en iemand wat die besigheid van 'n werkgewer beheer.
- (2) Indien die dienste van 'n bydraer tydelik deur sy werk-gewer aan 'n ander persoon uitgeleen of verhuur word, word daardie werkgewer nog geag die werkgewer van daardie bydraer te wees terwyl hy vir sodanige ander persoon werk.
- (3) Ten opsigte van 'n bydraer in diens van 'n klub of 'n vereniging van persone, word die lede van die bestuur, die sekretaris of ander verantwoordelike beampte van die vereniging of klub as die werkgewer beskou.
- (4) Vir die doeleindes van die verstrekking of ontvangs van state, kennisgewings of ander dokumente ingevolge hierdie Wet, beteken die uitdrukking „werkgewer” ook die bestuurder, sekre-taris, rekenmeester, penningmeester, kurator, eksekuteur, likwidadeur of behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger.

Seisoenswerk.

5. (1) (a) Indien na die oordeel van die Minister werk vir 'n aansienlike aantal persone in diens in 'n besigheid of 'n klas of soort besigheid in 'n gebied, vir hoogstens agt maande in 'n enkele jaar beskikbaar is weens seisoenswisselings in die toevoer van die grondstowwe deur bedoelde besigheid of klas of soort besigheid benodig, kan hy, na oorlegpleging met die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bedoelde besigheid of klas of soort besigheid 'n seisoensbesigheid verklaar.
- (b) Die Minister kan op dergelike wyse 'n ingevolge para-graaf (a) uitgevaardigde verklaring wysig of intrek.
- (2) 'n Persoon wat vir 'n ononderbroke tydperk van agt maande 'n seisoenswerker in diens van dieselfde persoon was, hou op om 'n seisoenswerker te wees, indien hy na die verstryking van genoemde tydperk in die diens van daardie persoon aanbly.
- (3) Indien 'n bydraer in diens van 'n persoon in enige besigheid was op die dag onmiddellik voor die datum waarop bedoelde besigheid 'n seisoensbesigheid word, word sodanige bydraer, terwyl hy in die diens van bedoelde persoon bly, nie 'n seisoens-werker bloot vanweë sy diens in sodanige besigheid nie.

HOOFSTUK II.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSFONDS.

Voortbestaan van werkloosheid-versekeringsfonds.

6. Die werkloosheidversekeringsfonds ingestel ingevolge artikel 4 van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), bly, ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, voortbestaan en bestaan uit—
- (a) alle bates wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bates van die fonds was;
 - (b) die bydraes van werkgewers en bydraers ingevolge artikel 29 (1);
 - (c) die bydraes van die Minister uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds ingevolge artikel 29 (2);
 - (d) alle gelde wat ingevolge hierdie Wet as penes betaal word;
 - (e) alle rente uit beleggings van die fonds;
 - (f) alle gelde aan die fonds kragtens artikel 9 voorgeskiet;
 - (g) enige ander bedrae waarop die fonds geregtig word.

Aanwending van fonds.

7. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, staan die fonds onder beheer van die Sekretaris en die gelde van die fonds word deur die Sekretaris aangewend vir—

- (a) the value of the training which a person is entitled to receive under a contract of apprenticeship or learner-ship;
 - (b) any amount received by way of commission, or as a share in takings;
 - (c) any additional payment based on the quantity or output of work done, except any amount guaranteed by law or otherwise to be a minimum remuneration;
 - (d) any remuneration for overtime; or
 - (e) any special payment, special bonus or special allowance, unless the Minister, after consultation with the board, either generally or in respect of any contributor or class of contributor, determines otherwise.
- (2) The Minister may, after consultation with the board, withdraw or amend any determination made in terms of sub-section (1)(e).

4. (1) Subject to the provisions of this section and unless the context otherwise indicates, "employer" in this Act means a person who employs a contributor and includes the State and any person controlling the business of an employer. Definition of "employer".

(2) If the services of a contributor are temporarily lent or hired out by his employer to another person, such employer shall be deemed to continue to be the employer of that contributor while he is working for that other person.

(3) In respect of a contributor employed by a club or an association of persons, the members of the managing committee, the secretary or other responsible officer of the association or club shall be deemed to be the employer.

(4) For the purposes of the giving or receiving of statements, notices or other documents under this Act, the term "employer" shall include the manager, secretary, accountant, treasurer, trustee, executor, liquidator or duly authorized agent.

5. (1) (a) If in the opinion of the Minister work is available to a substantial number of persons employed in any business or any class or kind of business in any area, for not more than eight months in any one year, by reason of the seasonal variation in the supply of raw materials required by such business or class or kind of business, he may, after consultation with the board, by notice in the *Gazette* declare such business or class or kind of business to be a seasonal business. Seasonal employment.

(b) The Minister may in like manner amend or withdraw any declaration made under paragraph (a).

(2) Any person who has been a seasonal worker for a continuous period of eight months in the employment of the same person, ceases to be a seasonal worker if he remains in the employment of that person after the expiry of the said period.

(3) If any contributor was employed by any person in any business on the day immediately prior to the date on which such business becomes a seasonal business, such contributor shall, while he remains in the employment of such person, not become a seasonal worker merely by reason of his employment in such business.

CHAPTER II.

UNEMPLOYMENT INSURANCE FUND.

6. The unemployment insurance fund established in terms of section 4 of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), shall, notwithstanding the repeal of that Act by this Act, continue to exist and shall consist of— Continued existence of unemployment insurance fund.

- (a) all assets which immediately prior to the commencement of this Act were assets of the fund;
- (b) the contributions of employers and contributors in terms of section 29 (1);
- (c) the contributions of the Minister from the Consolidated Revenue Fund in terms of section 29 (2);
- (d) any moneys paid as penalties under this Act;
- (e) any interest from investments of the fund;
- (f) any moneys advanced to the fund in terms of section 9;
- (g) any other sums to which the fund may become entitled.

7. The fund shall, subject to the provisions of this Act, be under the control of the Secretary and its moneys shall be applied by the Secretary to— Application of fund.

- (a) die betaling van voordele;
- (b) die betaling van bedrae betaalbaar ingevolge artikel 40;
- (c) die betaling van bedrae wat betaalbaar word ingevolge 'n magtiging kragtens artikel 46;
- (d) die terugbetaling aan die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die bedrag wat deur die Sekretaris in oorleg met die Tesourie ingevolge artikel 10 bepaal word as die waarde van die dienste deur die Departement van Arbeid aan die fonds gelewer;
- (e) die betaling van die voorgeskrewe toelaes aan die lede van die raad of van 'n komitee;
- (f) die terugbetaling van voorskotte wat ingevolge artikel 9 aan die fonds toegestaan is;
- (g) die betaling van alle ander uitgawes wat die Sekretaris in verband met die uitvoering van hierdie Wet aangaan, met inbegrip van die in artikel 49 bedoelde koste.

Belegging van fondsgelde.

8. (1) Die gelde van die fonds, behalwe die gelde wat nodig is om die lopende uitgawes in verband met die uitvoering van hierdie Wet te dek, word by die Openbare Skuldkommissarisse in 'n rekening, met die naam van die werkloosheidversekeringsfondstrekening, gestort, en sodanige gelde word as „deposito's" kragtens artikel 9 van die „Openbare Schuld Kommissarissen Wet, 1911" (Wet No. 18 van 1911), beskou.

(2) Enige wins by die tegeldemaking van beleggings kom ten bate van die fonds en enige verlies by sodanige tegeldemaking kom ten laste van die fonds.

Voorskotte aan fonds uit Staatsfondse.

9. (1) Die Minister kan, uit gelde wat vir die doel deur die Parlement beskikbaar gestel is, en op die voorwaardes wat die Tesourie voorskryf, met inbegrip van voorwaardes betreffende rente en terugbetaling, te eniger tyd aan die fonds die gelde voorskiet wat nodig is om uitgawes in verband met die uitvoering van hierdie Wet, met inbegrip van die betaling van voordele ingevolge die bepalings daarvan, te bestry, en wat die Minister, in oorleg met die Tesourie, bepaal.

(2) Die gelde aldus voorgeskiet en die rente daarop is 'n las teen die fonds.

Uitgawes van die fonds.

10. (1) Die Sekretaris moet so spoedig doenlik na die einde van elke boekjaar, in oorleg met die Tesourie, die waarde van die dienste wat deur die Departement van Arbeid gedurende daardie boekjaar aan die fonds gelewer is, bepaal en die bedrag daarvan aan die Gekonsolideerde Inkomstefonds terugbetaal.

(2) Alle ander nodige uitgawes in verband met die uitvoering van hierdie Wet, met inbegrip van uitgawes in verband met die verrigting van die werksaamhede van die raad of 'n komitee of agent, word uit die fonds bestry.

Rekenings en ouditering van die fonds.

11. (1) Die Sekretaris moet volledige en juiste rekenings van die fonds laat hou.

(2) Die Sekretaris moet die boeke en rekenings van die fonds laat balanseer ten einde die posisie op die een-en-dertigste dag van Desember in elke jaar aan te dui en moet daarna vir voorlegging tesame met die in artikel 53 bedoelde verslag 'n staat opstel om in alle nodige besonderhede die inkomste en uitgawes van die fonds gedurende die vooraangaande boekjaar aan te toon asook 'n balansstaat om die bate en laste van die fonds aan te toon.

(3) Die rekenings van die fonds word deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer.

HOOFSTUK III.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSRAAD EN WERKLOOSHEIDBYSTANDSKOMITEES.

Voortbestaan en samestelling van werkloosheidversekeringsraad.

12. (1) Die werkloosheidversekeringsraad ingestel by artikel 12 van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), bly, ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, voortbestaan en bestaan uit 'n beampste wat vir daardie doel deur die Minister aangewys word en wat die voorsitter is, en minstens agt en hoogstens sestiën ander lede wat deur die Minister aangestel word en waarvan—

- (a) die helfte die belange van werkgewers verteenwoordig en deur die Minister aangestel word uit 'n lys van persone benoem deur die organisasies wat die Minister bevoeg ag om die belange van werkgewers te verteenwoordig; en

- (a) the payment of benefits;
- (b) the payment of any amounts payable in terms of section 40;
- (c) the payment of any amounts which may become payable in pursuance of any authorization in terms of section 46;
- (d) the reimbursement of the Consolidated Revenue Fund with the amount determined by the Secretary in consultation with the Treasury in terms of section 10 to be the value of the services rendered to the fund by the Department of Labour;
- (e) the payment of the prescribed allowances to members of the board or of any committee;
- (f) the repayment of advances made to the fund in terms of section 9;
- (g) the payment of any other expenditure incurred by the Secretary in the administration of this Act including the expenses referred to in section 49.

8. (1) The moneys of the fund other than such moneys as may be required to meet the current expenditure incurred in connection with the administration of this Act shall be deposited with the Public Debt Commissioners in an account to be known as the unemployment insurance fund account, and such moneys shall be regarded as "deposits" in terms of section 9 of the Public Debt Commissioners Act, 1911 (Act No. 18 of 1911).

Investment of moneys of fund.

(2) Any profit on realization of investments shall accrue to and any loss on such realization shall be borne by the fund.

9. (1) The Minister may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, and subject to such conditions as the Treasury may impose, including conditions as to interest and repayment, at any time advance to the fund such moneys required to defray any expenditure incurred in connection with the administration of this Act, including the payment of benefits in terms thereof, as the Minister, in consultation with the Treasury, may determine.

Advances to the fund from public moneys.

(2) The moneys so advanced and the interest thereon, shall be a charge upon the fund.

10. (1) The Secretary shall as soon as practicable after the end of every financial year, in consultation with the Treasury, determine the value of the services rendered to the fund by the Department of Labour during that financial year and shall reimburse the Consolidated Revenue Fund with the amount thereof.

Expenditure of the fund.

(2) All other expenditure necessarily incurred in connection with the administration of this Act, including expenditure in connection with the performance of the functions of the board or any committee or agent, shall be defrayed from the fund.

11. (1) The Secretary shall cause full and true accounts of the fund to be kept.

Accounts and audit of the fund.

(2) The Secretary shall cause the books and accounts of the fund to be balanced as at the thirty-first day of December in every year and shall thereafter for submission with the report referred to in section 53 prepare a statement showing in all necessary detail the income and expenditure of the fund during the preceding financial year and a balance sheet showing the assets and liabilities of the fund.

(3) The accounts of the fund shall be audited by the Controller and Auditor-General.

CHAPTER III.

UNEMPLOYMENT INSURANCE BOARD AND UNEMPLOYMENT BENEFIT COMMITTEES.

12. (1) The unemployment insurance board established by section 12 of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), shall, notwithstanding the repeal of that Act by this Act, continue to exist and shall consist of an officer designated by the Minister for that purpose, who shall be chairman, and not fewer than eight and not more than sixteen other members who shall be appointed by the Minister and of whom—

Continued existence and constitution of unemployment insurance board.

- (a) one-half shall represent the interests of employers and shall be appointed by the Minister from a list of persons nominated by such organizations as the Minister may deem qualified to represent the interests of employers; and

- (b) die helfte die belange van bydraers verteenwoordig en deur die Minister aangestel word uit 'n lys van persone benoem deur die organisasies wat die Minister bevoeg ag om die belange van bydraers te verteenwoordig:

Met dien verstande dat as die Minister van oordeel is dat 'n aansienlike groep werkgewers of bydraers, na gelang van die geval, nie deur so 'n organisasie verteenwoordig word nie, hy die getal lede wat hy bepaal, aanstel om die belange van daardie werkgewers of bydraers te verteenwoordig, en die getal lede wat uit die in paragraaf (a) of (b) bedoelde lyste, na gelang van die geval, aangestel moet word, dienoooreenkomstig verminderd word.

(2) Die Minister kan op dergelike wyse soveel plaasvervangers aanstel vir die kragtens subartikel (1) aangestelde lede as wat hy goedvind.

(3) (a) Die Minister kan 'n beampte in sy departement as ondervoorsitter van die raad aanwys.

(b) Die ondervoorsitter tree as voorsitter op by enige vergadering van die raad waarvan die voorsitter afwesig is.

(c) Indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van 'n vergadering afwesig is, kies die aanwesige lede 'n lid uit hul midde om as voorsitter by daardie vergadering op te tree.

(4) Lede van die raad bekleë hul amp vir die tydperk van hoogstens drie jaar wat deur die Minister by hul aanstelling bepaal word.

(5) 'n Toevallige vakature wat in die raad ontstaan, word aangevul deur die aanstelling van 'n ander lid of 'n plaasvervanger, na gelang van die geval, ooreenkomstig die bepalinge van subartikel (1).

(6) Lede of plaasvervangers wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word.

(7) 'n Lid van die raad ontruim sy amp as hy sonder toestemming van die voorsitter van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad, waarvan hy in kennis gestel is, afwesig is.

(8) Die Minister kan te eniger tyd na oorlegpleging met of op versoek van die organisasie, indien daar een is, wat die lid of plaasvervanger benoem het, die aanstelling van 'n lid of plaasvervangende lid van die raad intrek, as daar na sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan.

(9) (a) Die voorsitter of ondervoorsitter het nie 'n beraadslagende stem nie, maar by 'n staking van stemme het hy 'n beslissende stem.

(b) 'n Waarnemende voorsitter het slegs 'n beraadslagende stem.

(10) Geen besluit of handeling van die raad of handeling verrig op gesag van die raad is ongeldig slegs omdat daar, wanneer die besluit geneem of die handeling verrig word, 'n vakature in die raad bestaan nie.

(11) Die Minister kan aan die raad 'n beampte van sy departement as sekretaris van die raad toewys, asook die ander beamptes of werknemers van sy departement wat nodig is om die raad in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.

(12) Enigiemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n lid van die raad was, word geag ingevolge die bepalinge van hierdie Wet as 'n lid van die raad aangestel te gewees het en wel vanaf die datum waarop hy 'n lid daarvan geword het.

Werksaamhede van die raad.

13. Behoudens die bepalinge van hierdie Wet is die werksaamhede van die raad soos volg:

(a) Hy kan ondersoek instel na en aanbevelings by die Minister doen aangaande—

(i) enige aangeleentheid wat in verband staan met die fonds of 'n komitee;

(ii) enige aangeleentheid wat met werkverskaffing in verband staan of dit waarskynlik sal raak en enige voorstel wat die voorkoming of vermindering van werkloosheid ten doel het;

(b) hy moet appèlle teen beslissings van 'n komitee wat ingevolge artikel 21 na hom verwys word, verhoor en beslis;

(c) hy moet bepaal watter voordele, as daar is, kragtens artikel 37 (3) of 38 (3) betaal moet word;

(d) hy kan die reëls wat deur 'n komitee kragtens artikel 19 gemaak is, goedkeur en aanteken of verwerp, en hy kan die opname in die reglemente van 'n komitee van vermelde bepalinge gelas;

(e) hy moet die aanbevelings en voorstelle van komitees wat in verband staan met 'n aangeleentheid wat binne die bestek van hul werksaamhede ingevolge artikel 17 val, oorweeg en aanbevelings daaromtrent by die Minister doen;

- (b) one-half shall represent the interests of contributors and shall be appointed by the Minister from a list of persons nominated by such organizations as the Minister may deem qualified to represent the interests of contributors:

Provided that if in the opinion of the Minister any substantial group of employers or contributors, as the case may be, is not represented by any such organization he shall appoint such a number of members as he may determine to represent the interests of those employers or contributors, and the number of members to be appointed from the lists referred to in paragraph (a) or (b), as the case may be, shall be reduced accordingly.

(2) The Minister may in like manner appoint such number of alternates to the members appointed under subsection (1) as he may deem fit.

(3) (a) The Minister may designate an officer in his department as deputy-chairman of the board.

(b) The deputy-chairman shall act as chairman at any meeting of the board from which the chairman is absent.

(c) If the chairman and deputy-chairman are both absent from any meeting, the members who are present may elect from among themselves a chairman to act at that meeting.

(4) The members of the board shall hold office during such period not exceeding three years as may be specified by the Minister upon their appointment.

(5) Any casual vacancy that occurs on the board shall be filled by the appointment of another member or alternate, as the case may be, in accordance with the provisions of subsection (1).

(6) Members and alternates whose periods of office have expired shall be eligible for reappointment.

(7) A member of the board shall vacate his office if he is absent without the permission of the chairman from three consecutive ordinary meetings of the board of which he has been notified.

(8) The Minister may, after consultation with or at the request of the nominating organization, if any, at any time cancel the appointment of any member or alternate member of the board if in his opinion there are good grounds for doing so.

(9) (a) The chairman or deputy-chairman shall not have a deliberative vote, but in the event of an equality of votes he shall have a casting vote.

(b) An acting chairman shall have a deliberative vote only.

(10) No decision or act of the board or act performed under the authority of the board shall be invalid by reason only of the existence of a vacancy on the board at the time when the decision is made or the act is performed.

(11) The Minister may assign to the board an officer in his department to be the secretary of the board, and such other officers or employees in his department as may be necessary to enable the board to carry out its functions.

(12) Any person who immediately prior to the commencement of this Act was a member of the board, shall be deemed to have been appointed in terms of the provisions of this Act as a member of the board as from the date on which he became a member thereof.

13. Subject to the provisions of this Act, the functions of the board shall be as follows: Functions of the board.

(a) It may enquire into and submit recommendations to the Minister upon—

(i) any matter connected with the fund or any committee;

(ii) any matter connected with or likely to affect employment and any proposal which has as its object the prevention or reduction of unemployment;

(b) it shall hear and determine appeals against decisions of a committee referred to it in terms of section 21;

(c) it shall determine the benefits, if any, to be paid in terms of section 37 (3) or 38 (3);

(d) it may approve and register or reject the rules made by any committee in terms of section 19 and may order the inclusion of specified provisions in such rules;

(e) it shall consider the recommendations and proposals of committees in regard to any matter falling within the scope of their functions in terms of section 17 and make recommendations thereon to the Minister;

- (f) hy moet statistiek en aantekenings hou van die mate waarin daar werkloosheid bestaan;
- (g) hy moet voor die een-en-dertigste dag van Januarie in elke jaar, of so spoedig doenlik daarna, 'n jaarverslag in duplo van sy werksaamhede gedurende die voorafgaande boekjaar aan die Sekretaris verstrek, asook die verdere inligting wat die Sekretaris ten opsigte van daardie jaar verlang;
- (h) hy kan enige ondersoek instel of die ander werksaamhede verrig wat aan hom deur of ingevolge hierdie Wet opgedra word of wat deur die Minister aan hom opgedra word.

Vergaderings van die raad.

14. (1) Alle vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die raad van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat die voorsitter, of gedurende sy afwesigheid die ondervoorsitter, te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die raad kan belê, om gehou te word op 'n deur hom vasgestelde tyd en plek.

(2) Enige persoon deur die Minister daartoe aangewys kan 'n vergadering van die raad bywoon en kan aan die verrigtinge van so 'n vergadering deelneem, maar is nie geregtig om 'n stem uit te bring nie.

(3) Die sekretaris van die raad hou notule van die verrigtinge van elke vergadering van die raad.

(4) Die notule van 'n vergadering word by die eersvolgende vergadering voorgelê en, indien as korrek aangeneem, deur die voorsitter wat op daardie vergadering voorsit, onderteken.

Reglement van die raad.

15. Die raad kan, met die goedkeuring van die Minister, reëls maak betreffende—

- (a) die toelating tot vergaderings van die raad van ander persone as dié wat ingevolge hierdie Wet geregtig is om daar teenwoordig te wees;
- (b) die kworum by so 'n vergadering, die prosedure wat gevolg moet word as daar nie 'n kworum is nie, en die meerderheid van stemme waarmee 'n besluit van die raad aangeneem moet word;
- (c) die omstandighede waaronder 'n plaasvervanger as lid van die raad sitting kan neem;
- (d) die prosedure op vergaderings van die raad, met inbegrip van die prosedure wat by 'n staking van stemme gevolg moet word;
- (e) die ander aangeleenthede wat nodig of dienstig is vir die behoorlike verrigting van die werksaamhede van die raad.

Instelling van werkloosheid-bystandskomitees.

16. (1) Die Minister moet, na oorlegpleging met die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* een of meer werkloosheid-bystandskomitees instel met seggenskap in 'n gebied of gebiede in so 'n kennisgewing vermeld.

(2) 'n In subartikel (1) bedoelde komitee bestaan uit 'n deur die Minister aangestelde beampte, wat die voorsitter is, en minstens vier ander lede, waarvan—

- (a) die helfte die belange van werkgewers verteenwoordig en deur die Minister aangestel word uit 'n lys van persone benoem deur die organisasies wat die Minister bevoeg ag om die belange van werkgewers te verteenwoordig; en
- (b) die helfte die belange van bydraers verteenwoordig en deur die Minister aangestel word uit 'n lys van persone benoem deur die organisasies wat die Minister bevoeg ag om die belange van bydraers te verteenwoordig;

Met dien verstande dat as die Minister van oordeel is dat 'n aansienlike groep werkgewers of bydraers, na gelang van die geval, nie deur so 'n organisasie verteenwoordig word nie, hy die getal lede wat hy bepaal, aanstel om die belange van daardie werkgewers of bydraers te verteenwoordig, en die getal lede wat uit die in paragraaf (a) of (b) bedoelde lys, na gelang van die geval, aangestel moet word, dienooreenkomstig verminder word.

(3) Die Minister stel op dergelike wyse soveel plaasvervangers vir lede aan as wat hy goedvind.

(4) Die bepalings van artikel 12 (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) en (10) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n in subartikel (1) van hierdie artikel bedoelde komitee.

(5) Die Minister kan, na oorlegpleging met die raad, as dit na sy mening raadsaam is om dit te doen, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

- (f) it shall keep statistics and records of the incidence of unemployment;
- (g) it shall furnish the Secretary before the thirty-first day of January in each year or as soon as practicable thereafter, with an annual report in duplicate on its activities during the preceding financial year, and such other information as the Secretary may require in respect of that year;
- (h) it may make any investigation or perform such other functions as are assigned to it by or under this Act or as may be assigned to it by the Minister.

14. (1) All meetings of the board shall be held at such times and places as the board may from time to time determine: Meetings of the board.
 Provided that the chairman, or during his absence the deputy-chairman, may at any time call a special meeting of the board, to be held at a time and place appointed by him.

(2) Any person nominated by the Minister for the purpose may attend any meeting of the board and may take part in the proceedings of any such meeting, but shall not be entitled to vote.

(3) Minutes of the proceedings of every meeting of the board shall be kept by the secretary of the board.

(4) The minutes of a meeting shall be submitted to the next ensuing meeting and shall, if they are passed as correct, be signed by the chairman presiding at that meeting.

15. The board may, subject to the approval of the Minister, make rules as to— Rules of the board.

- (a) the admittance to meetings of the board of persons other than those entitled under this Act to be present thereat;
- (b) the quorum at any such meeting, the procedure to be followed if there is no quorum, and the majority of votes by which a decision of the board shall be taken;
- (c) the circumstances under which an alternate may sit as a member of the board;
- (d) the procedure at meetings of the board including the procedure to be followed in the event of an equality of votes;
- (e) such other matters as may be necessary or expedient for the proper functioning of the board.

16. (1) The Minister shall, after consultation with the board, by notice in the *Gazette* establish one or more unemployment benefit committees having jurisdiction in an area or areas specified in such notice. Establishment of unemployment benefit committees.

(2) A committee referred to in subsection (1) shall consist of an officer, appointed by the Minister, who shall be chairman, and not fewer than four other members of whom—

- (a) one-half shall represent the interests of employers and shall be appointed by the Minister from a list of persons nominated by such organizations as the Minister may deem qualified to represent the interests of employers; and
- (b) one-half shall represent the interests of contributors and shall be appointed by the Minister from a list of persons nominated by such organizations as the Minister may deem qualified to represent the interests of contributors:

Provided that if in the opinion of the Minister any substantial group of employers or contributors, as the case may be, is not represented by any such organization he shall appoint such a number of members as he may determine to represent the interests of those employers or contributors, and the number of members to be appointed from the lists referred to in paragraph (a) or (b), as the case may be, shall be reduced accordingly.

(3) The Minister shall in like manner appoint such number of alternates to members as he may deem fit.

(4) The provisions of section 12 (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) and (10) shall *mutatis mutandis* apply in respect of any committee referred to in subsection (1) of this section.

(5) The Minister may, after consultation with the board, by notice in the *Gazette*, if in his opinion it is expedient to do so—

- (a) 'n komitee afskaf; of
 - (b) indien 'n komitee versuim het of opgehou het om al of enigeen van sy werksaamhede te verrig, die lede van die komitee van hul amp onthef en gelas dat die bevoegdheide en werksaamhede van die komitee, vir 'n in die kennisgewing vermelde tydperk by 'n beampte, insgelyks vermeld, berus en deur hom uitgeoefen of verrig word; en
 - (c) so 'n kennisgewing intrek, of van tyd tot tyd so 'n kennisgewing wysig deur die in die kennisgewing vermelde tydperk te verleng of deur 'n ander beampte in die plek van die aldus vermelde beampte te vermeld.
- (6) Die Sekretaris kan van tyd tot tyd aan 'n komitee 'n beampte of ander Staatswerknemer as sekretaris van die komitee toewys asook die ander beamptes of Staatswerknemers wat nodig is om die komitee in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.
- (7) (a) 'n Komitee wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het, bly, behoudens die bepalings van subartikel (5) (a), voortbestaan.
- (b) Enigiemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n lid van 'n komitee was, word geag ingevolge die bepalings van hierdie Wet as 'n lid van sodanige komitee aangestel te gewees het en wel vanaf die datum waarop hy 'n lid daarvan geword het.

Werksaamhede van komitees.

17. Behoudens die bepalings van hierdie Wet is die werksaamhede van 'n komitee, met betrekking tot die bydraers onder sy seggenskap, soos volg:

- (a) Hy moet appèlle teen beslissings van 'n eisebeampte wat ingevolge artikel 27 na hom verwys word, verhoor en beslis;
- (b) hy moet alle aansoeke om voordele wat deur die eisebeampte van die hand gewys word in hersiening neem, en bepaal of sodanige aansoeke toegestaan moet word en, indien wel, watter voordele uitbetaal moet word en die beslissing van die komitee by enige sodanige hersiening word, by die toepassing van hierdie Wet, geag die beslissing van die eisebeampte te gewees het;
- (c) hy moet ingevolge artikel 20 aan die Sekretaris verslag doen;
- (d) hy moet notule van die verrigtinge van elke vergadering hou en binne 'n redelike tyd 'n afskrif daarvan aan die Sekretaris stuur;
- (e) hy kan enige aspek van die administrasie van die fonds wat op sy ampspligte betrekking het, ondersoek en aanbevelings daaromtrent by die raad doen;
- (f) hy moet die oorsake van werkloosheid binne die gebied onder sy seggenskap ondersoek en aan die raad voorstelle doen wat die voorkoming of vermindering van werkloosheid ten doel het;
- (g) hy kan aanbevelings by die Sekretaris doen in verband met die aanstelling van die agente wat nodig is om hom met die uitvoering van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet behulpsaam te wees;
- (h) hy moet die ander pligte en werksaamhede uitvoer en verrig wat die Sekretaris aan hom toewys vir die beter bereiking van die oogmerke van hierdie Wet.

Vergaderings van 'n komitee.

18. (1) Die eerste vergadering van 'n komitee word gehou op 'n deur die Sekretaris vasgestelde tyd en plek.

(2) Alle daaropvolgende vergaderings van die komitee word gehou op die tye en plekke wat die komitee van tyd tot tyd bepaal.

(3) Artikel 14 (2), (3) en (4) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n komitee.

Reglemente van komitees.

19. 'n Komitee kan, met die goedkeuring van die raad, reëls uitvaardig om die in artikel 15 bedoelde aangeleenthede *mutatis mutandis* te reël.

Verslae van komitees.

20. 'n Komitee verstrek aan die Sekretaris—

- (a) voor die een-en-dertigste dag van Januarie in elke jaar, of so spoedig doenlik daarna, 'n jaarverslag in duplo van sy handeling gedurende die voorafgaande boekjaar, asook die verdere inligting wat die Sekretaris ten opsigte van daardie jaar verlang; en
- (b) te eniger ander tyd die inligting betreffende sy werksaamhede wat die Sekretaris verlang.

Appèl na raad teen beslissings van komitee.

21. (1) Enigiemand (met inbegrip van 'n eisebeampte) wat hom veronreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee in verband met 'n—

- (a) disestablish any committee; or
 - (b) if any committee has failed or ceased to perform all or any of its functions, discharge the members of the committee and order that the powers and functions of the committee shall for a period specified in the notice, be vested in and exercised or performed by an officer so specified; and
 - (c) withdraw any such notice or from time to time amend any such notice by extending the period specified in the notice or by specifying another officer in the place of the officer so specified.
- (6) The Secretary may from time to time assign to any committee an officer or other State employee to be the secretary of the committee and such other officers or State employees as may be necessary to enable a committee to carry out its functions.
- (7) (a) Any committee which immediately prior to the commencement of this Act was in existence shall, subject to the provisions of subsection (5) (a), continue to exist.
 - (b) Any person who immediately prior to the commencement of this Act was a member of any committee, shall be deemed to have been appointed in terms of the provisions of this Act as a member of such committee as from the date on which he became a member thereof.

17. Subject to the provisions of this Act the functions of a committee shall, in relation to the contributors under its jurisdiction, be as follows: **Functions of committees.**

- (a) It shall hear and determine appeals against decisions of a claims officer referred to it in terms of section 27;
- (b) it shall review all applications for benefits which are refused by the claims officer, and shall determine whether such applications should be granted, and, if so, what benefits should be paid and the decision of the committee upon any such review shall for the purposes of this Act be deemed to have been the decision of the claims officer;
- (c) it shall report to the Secretary in terms of section 20;
- (d) it shall keep minutes of the proceedings of every meeting and within a reasonable time transmit a copy thereof to the Secretary;
- (e) it may investigate any aspect of the administration of the fund which has a bearing on its functions and may make recommendations thereon to the board;
- (f) it shall investigate causes of unemployment in its area of jurisdiction and submit proposals to the board having as their object the prevention or reduction of unemployment;
- (g) it may make recommendations to the Secretary in connection with the appointment of such agents as may be necessary to assist it in carrying out its functions under this Act;
- (h) it shall carry out such other duties and perform such other functions as may be assigned to it by the Secretary for the better achievement of the objects of this Act.

18. (1) The first meeting of a committee shall be held at a time and place to be appointed by the Secretary. **Meetings of a committee.**

(2) All subsequent meetings of the committee shall be held at such times and places as the committee may from time to time determine.

(3) Section 14 (2), (3) and (4) shall *mutatis mutandis* apply to a committee.

19. A committee may, subject to the approval of the board, make rules regulating *mutatis mutandis* any of the matters referred to in section 15. **Rules of committees.**

20. A committee shall furnish the Secretary—

- (a) before the thirty-first day of January in each year, or as soon as practicable thereafter, with an annual report in duplicate of its transactions during the preceding financial year, and such other information as the Secretary may require in respect of that year; and
- (b) at any other time with such information relating to its functions as the Secretary may require.

21. (1) Any person (including a claims officer) aggrieved by a decision of a committee in regard to any— **Appeal to board against decisions of committee.**

- (a) aansoek om voordele; of
- (b) ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet ontstaan,

kan na die raad teen sodanige beslissing appelleer, mits sodanige appèl binne veertien dae na die datum waarop hy van die beslissing kennis ontvang het of binne die verdere tydperk wat die raad bepaal, skriftelik ingedien word.

(2) Die beslissing van die raad oor enige sodanige appèl word by die toepassing van hierdie Wet geag die beslissing van die eisebeampte te gewees het.

Raad kan 'n casusposisie vir die Hooggeregshof opstel.

22. (1) Die raad kan uit eie beweging en moet op versoek van enigiemand wat hom deur die beslissing van die raad veronreg voel, indien daardie versoek gedoen word binne negentig dae na die datum waarop daardie persoon van die beslissing kennis ontvang het, 'n casusposisie opstel ten opsigte van enige regspunt in verband met 'n aangeleentheid wat kragtens artikel 21 na hom ter beslissing verwys is of in verband met enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet ontstaan ter beslissing van die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof met regsbevoegdheid ten opsigte van die betrokke aangeleentheid.

(2) By die opstelling van so 'n casusposisie moet die raad die feite van die saak en sy regsopvatting in verband met daardie feite uiteensit.

(3) Wanneer iemand die raad versoek het om ingevolge subartikel (1) 'n casusposisie ter beslissing van die Hooggeregshof op te stel, kan die hof na goeddunke die bevel aangaande koste uitvaardig wat syns insiens billik is, maar as die raad uit eie beweging soos voormeld 'n casusposisie opgestel het, mag die hof geen bevel aangaande koste uitvaardig nie.

Appèl na Appèl-afdeling

23. Teen die beslissing van 'n in artikel 22 bedoelde hof, van 'n casusposisie wat ingevolge daardie artikel opgestel is, kan nie geappelleer word nie: Met dien verstande dat as die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van oordeel is dat 'n belangrike regspunt by 'n saak betrokke is of dat die saak vir 'n groot aantal persone van aansienlike belang is, hy spesiale verlof kan verleen om teen die beslissing te appelleer.

Skadeloosstelling van lede van die raad of 'n komitee.

24. Die lede van die raad of van 'n komitee word, mits hulle *bona fide* opgetree het, deur die fonds skadeloos gestel teen alle regsgedinge, koste en uitgawes veroorsaak as gevolg van 'n aanspraak in verband met die fonds.

Toelaes aan lede van die raad of 'n komitee.

25. Die lede van die raad of van 'n komitee, wat nie beamptes is nie, kan, uit die gelde van die fonds, die besoldiging of toelaes ten opsigte van hulle dienste ontvang wat voorgeskrif word.

HOOFTUK IV.

EISEBEAMPTES.

Eisebeamptes.

26. (1) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, beamptes of ander Staatswerknemers as eisebeamptes aanstel en moet in sodanige kennisgewing die gebied waarin elke eisebeampte seggenskap het, vermeld.

(2) Elke eisebeampte moet—

- (a) aansoeke om voordele wat ingevolge artikel 35 gedoen word, ontvang;
- (b) na ondersoek beslis of 'n aansoek om voordele toegestaan moet word, en indien wel, watter voordele uitbetaal moet word;
- (c) die betaling uit die fonds van die deur hom toegestane voordele magtig; en
- (d) al die aansoeke om voordele wat deur hom van die hand gewys word tesame met sy verslag daaroor en die ander besonderhede wat beskikbaar is, na die komitee verwys wat seggenskap het in die gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is.

(3) Die Sekretaris kan 'n beampte of werknemer van die Staat aanwys om 'n eisebeampte behulpsaam te wees, en 'n beampte of werknemer aldus aangewys, oefen die bevoegdhede uit en voer die pligte uit wat van tyd tot tyd skriftelik deur bedoelde eisebeampte aan hom toegewys word.

(4) 'n Eisebeampte kan 'n bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan hom verleen is, aan 'n beampte of werknemer wat ingevolge subartikel (3) aangewys is om hom behulpsaam te wees, deleger.

Appèl na komitee teen beslissings van eisebeamptes

27. (1) Enigiemand wat hom veronreg voel deur 'n beslissing van 'n eisebeampte in verband met 'n—

(a) application for benefits; or
(b) other matter arising under this Act,
may appeal to the board against such decision, provided such appeal is lodged in writing within fourteen days after the date on which he is notified of the decision or such further period as the board may determine.

(2) The decision of the board upon any such appeal shall for the purposes of this Act be deemed to have been the decision of the claims officer.

22. (1) The board may, of its own motion, and shall at the request of any person who considers himself aggrieved by its decision, if that person makes such request within ninety days after the date on which he is notified of the decision, state a special case on any question of law in connection with any matter referred to it for decision in terms of section 21 or in relation to any other matter arising under this Act, for the decision of the provincial or local division of the Supreme Court having jurisdiction in respect of the matter in question.

Board may state case for Supreme Court.

(2) In stating any such case the board shall set forth the facts of the matter and the view of the law which it has adopted in relation to those facts.

(3) Whenever any person has requested the board to state a special case for the decision of the Supreme Court in terms of subsection (1) the court may, in its discretion, make such order as to costs as may appear to it to be just, but when the board has of its own motion stated a special case as aforesaid the court shall make no order as to costs.

23. There shall be no appeal from the decision of a court referred to in section 22 upon a case stated under that section: Provided that if the Appellate Division of the Supreme Court is of the opinion that any case involves an important question of law or is of considerable importance to a large number of persons it may grant special leave to appeal against the decision.

Appeal to Appellate Division.

24. The members of the board or of a committee shall, provided they have acted *bona fide*, be indemnified by the fund against all proceedings, costs and expenses incurred by reason of any claim in connection with the fund.

Indemnification of members of board or a committee.

25. The members of the board or of any committee, who are not officers may, out of the moneys of the fund, receive such remuneration or allowances in respect of their services as may be prescribed.

Allowances to members of board or a committee.

CHAPTER IV.

CLAIMS OFFICERS.

26. (1) The Minister may, by notice in the *Gazette*, appoint any officers or other State employees as claims officers and shall in such notice specify the area in which each claims officer shall have jurisdiction.

Claims officers.

(2) Every claims officer shall—

- (a) receive applications for benefits made in terms of section 35;
- (b) after enquiry determine whether any application for benefits shall be granted, and if so, what benefits shall be paid;
- (c) authorize the payment from the fund of the benefits granted by him; and
- (d) refer to the committee having jurisdiction in the area in respect of which he has been appointed, all applications for benefits refused by him together with his report thereon and such other particulars as are available.

(3) The Secretary may designate any officer or employee of the State to assist a claims officer, and any officer or employee so designated shall exercise such powers and carry out such duties as may from time to time be assigned in writing to him by such claims officer.

(4) A claims officer may delegate any power conferred upon him by this Act to any officer or employee designated to assist him in terms of subsection (3).

27. (1) Any person aggrieved by a decision of a claims officer in regard to any—

Appeal to committee against decisions of claims officers.

(a) aansoek om voordele; of

(b) ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet ontstaan,

kan na die komitee wat seggenskap het in die gebied waarin die aangeleentheid ontstaan, teen sodanige beslissing appelleer, mits sodanige appél binne een-en-twintig dae na die datum waarop hy van die beslissing kennis ontvang het of binne die verdere tydperk wat die komitee bepaal, skriftelik ingedien word.

(2) Die beslissing van die komitee oor enige sodanige appél word by die toepassing van hierdie Wet geag die beslissing van die eisebeampte te gewees het.

HOOFSTUK V.

REGISTRASIE EN PLIGTE VAN, EN BETALING VAN BYDRAES DEUR, WERKGEWERS.

Werkgewers moet
Sekretaris in
kennis stel.

28. (1) Elke werkgever wat 'n besigheid in die Republiek dryf, moet binne veertien dae vanaf die datum waarop hy besigheid begin het, aan die Sekretaris op die voorgeskrewe wyse die voorgeskrewe besonderhede van sy besigheid verstrek, en elke sodanige werkgever moet aan die Sekretaris, binne 'n deur hom bepaalde tydperk, die verdere besonderhede verstrek wat hy van tyd tot tyd verlang. Elke sodanige werkgever moet onverwyld die Sekretaris van 'n verandering van die aldus verstrekte besonderhede in kennis stel.

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n in die kennisgewing vermelde werkgever of klas werkgewers vrystel van die bepalings van subartikel (1) in die mate wat in sodanige kennisgewing aangedui word.

(3) Elke persoon wat nie in die Republiek woonagtig is nie, en elke regspersoon wat nie ingevolge die wetsbepalings betreffende maatskappye in die Republiek geregistreer is nie, en wat in die Republiek besigheid dryf en 'n bydraer in verband daarmee in diens het, moet die adres van sy hoofkantoor en die naam van sy hoofamptenaar in die Republiek aan die Sekretaris mededeel en daardie amptenaar is gemagtig en verplig om die pligte van 'n werkgever, soos deur hierdie Wet voorgeskryf, uit te voer en moet die betekening aanneem van elke ingevolge hierdie Wet uitgereikte stuk wat daardie persoon of regspersoon raak.

(4) Elke werkgever moet binne een maand vanaf die datum waarop hy besigheid begin het en van tyd tot tyd op die tye wat voorgeskryf word aan die Sekretaris die besonderhede met betrekking tot die bydraers in sy diens wat voorgeskryf word, op die voorgeskrewe wyse verstrek.

Bydraes deur
werkgewers en
bydraers en uit
Staatsfondse.

29. (1) Elke werkgever moet, ten opsigte van elke bydraer in sy diens, en elke sodanige bydraer moet, tot die fonds bydra op die by hierdie Wet voorgeskrewe wyse en ooreenkomstig die in Bylae 1 vermelde skale, of ooreenkomstig die skale wat van tyd tot tyd kragtens artikel 45 vasgestel word.

(2) Die Minister moet uit gelde wat vir die doel deur die Parlement beskikbaar gestel word 'n bedrag gelyk aan vyf-en-twintig persent van die totale bedrag van die bydraes wat ingevolge hierdie artikel deur werkgewers ten opsigte van hulself en die bydraers in hul diens, aan die fonds betaal is, tot die fonds bydra, en sodanige bedrag word in die fonds gestort op die tye en die wyse wat die Minister bepaal.

(3) 'n Ingevolge subartikel (1) aan die fonds bydraeplichtige werkgever moet binne tien dae na die einde van elke kalendermaand, of indien hy gedurende die loop van 'n kalendermaand ophou om 'n werkgever te wees, binne tien dae nadat hy aldus opgehou het om 'n werkgever te wees, of binne die verdere tydperk wat die Sekretaris toelaat, ten opsigte van daardie kalendermaand of die betrokke gedeelte van daardie kalendermaand, na gelang van die geval, al die bydraes wat ten opsigte van homself en die bydraers wat gedurende daardie kalendermaand of daardie gedeelte van daardie kalendermaand in sy diens was, aan die fonds verskuldig is, aan die Sekretaris betaal.

(4) 'n Werkgever kan, ten einde homself te vergoed in die mate waarin dit van hom vereis word om aan die Sekretaris die bydraes te betaal wat deur die bydraers in sy diens aan die fonds verskuldig is, week vir week, of op die ander tye wat die Sekretaris goedkeur, van die verdienste van elke bydraer in sy diens 'n bedrag aftrek wat gelykstaan met die bedrag van die bydraes wat op die datum waarop die aftrekking gedoen word, deur daardie bydraer aan die fonds verskuldig is: Met dien verstande dat hoogstens een week se bydraes in 'n enkele week van die verdienste van 'n bydraer wat weekliks betaal word, en hoogstens vyf weke se bydraes van die verdienste van 'n bydraer wat maandeliks betaal word, afgetrek word.

(a) application for benefits; or
 (b) other matter arising under this Act,
 may appeal to the committee having jurisdiction in the area wherein such matter arises, against such decision, provided such appeal is lodged in writing within twenty-one days after the date on which he is notified of the decision or such further period as the committee may determine.

(2) The decision of the committee on any such appeal shall for the purposes of this Act be deemed to have been the decision of the claims officer.

CHAPTER V.

REGISTRATION AND DUTIES OF, AND PAYMENT OF CONTRIBUTIONS BY, EMPLOYERS.

28. (1) Every employer carrying on business in the Republic shall, within fourteen days of the date on which he commenced business, in the prescribed manner furnish the Secretary with the prescribed particulars of his business, and every such employer shall within the period fixed by the Secretary furnish him with such additional particulars as he may from time to time require. Every such employer shall forthwith inform the Secretary of any change in the particulars so furnished.

Employers
to notify
Secretary.

(2) The Minister may, by notice in the *Gazette*, exempt from the provisions of subsection (1), to the extent indicated in such notice, any employer or class of employers defined therein.

(3) Every person not resident in the Republic who, and every corporate body not registered in the Republic under the law relating to companies which, carries on business in the Republic and in connection therewith employs a contributor shall notify the Secretary of the address of his or its chief office and of the name of his or its chief officer in the Republic, and such officer shall be authorized and required to carry out the duties of an employer as prescribed by this Act, and shall accept service of any document, issued under this Act, which affects such person or body.

(4) Every employer shall within one month of the date on which he commenced business, and from time to time at such times as may be prescribed, in the prescribed manner furnish the Secretary with such particulars relative to the contributors in his employ as may be prescribed.

29. (1) Every employer shall, in respect of every contributor employed by him, and every such contributor shall contribute to the fund in the manner prescribed by this Act and according to the rates specified in Schedule 1 or to such rates as may be fixed from time to time under section 45.

Contributions
by employers
and contributors
and from public
funds.

(2) The Minister shall contribute to the fund from moneys appropriated by Parliament for the purpose an amount equal to twenty-five per cent of the total amount of the contributions paid to the fund in terms of this section by employers in respect of themselves and the contributors employed by them, and such amount shall be paid to the fund at such times and in such manner as the Minister may determine.

(3) An employer liable to contribute to the fund in terms of subsection (1) shall, within ten days after the end of every calendar month, or if he ceases to be an employer during any calendar month, within ten days after so ceasing to be an employer, or within such further period as the Secretary may allow, pay to the Secretary in respect of that calendar month or the relevant portion of that calendar month, as the case may be, all the contributions due to the fund in respect of himself and the contributors employed by him during that calendar month or that portion of that calendar month.

(4) For the purpose of reimbursing himself to the extent to which an employer is required to pay to the Secretary the contributions due to the fund by the contributors in his employ, an employer may, week by week or at such other times as the Secretary may approve, deduct from the earnings of every contributor in his employ an amount equal to the amount of contributions due to the fund by that contributor at the time when the deduction is made: Provided that not more than one week's contributions shall be deducted in any one week from the earnings of a contributor who is paid weekly, and not more than five weeks' contributions from the earnings of a contributor who is paid monthly.

(5) Wanneer 'n bydraer se diensyd by 'n werkgewer gedurende die loop van 'n week 'n aanvang neem of beëindig word, word die bydrae van daardie bydraer ten opsigte van daardie week *pro rata* verminder ooreenkomstig die getal dae wat sy diensydperk gedurende daardie week uitmaak en vir die doeleindes van hierdie subartikel word 'n gedeelte van 'n dag as 'n volle dag gereken.

(6) (a) Wanneer 'n bydraer om enige rede gedurende enige week van werk afwesig is en as gevolg van sodanige afwesigheid op minder as een dag se verdienste ten opsigte van daardie week geregtig is, word daardie week by die toepassing van hierdie Wet nie as 'n diensydperk beskou nie en is geen bydraes ten opsigte van daardie bydraer vir daardie week betaalbaar nie.

(b) Wanneer 'n bydraer om enige rede vir 'n gedeelte van enige week van werk afwesig is, en op minstens een dag se verdienste ten opsigte van daardie week geregtig is, word daardie week by die toepassing van hierdie Wet as 'n diensydperk beskou, en is bydraes teen die volle skaal ten opsigte van daardie bydraer vir daardie week betaalbaar.

(7) 'n Werkgewer trek nie ten opsigte van die bydraes wat deur 'n bydraer in sy diens aan die fonds verskuldig is, 'n bedrag wat die by hierdie Wet voorgeskrewe bedrag oorskry, van die verdienste van daardie bydraer af nie, en ontvang geen vergoeding van die bydraer ten opsigte van die werkgewer se eie bydraes nie.

(8) (a) 'n Werkgewer wat weens 'n oortreding van subartikel (7) skuldig bevind word, word benewens enige vonnis wat hom opgelê word, deur die hof wat hom skuldig bevind, gelas om binne 'n deur die hof bepaalde tydperk die bedrag of vergoeding wat hy in stryd met die bepalinge van daardie subartikel afgetrek of ontvang het, aan die betrokke bydraer terug te betaal, of indien die verblyfplek van die bydraer onbekend is, in die fonds te stort.

(b) Enige sodanige bevel van die hof het al die gevolge van, en kan uitgevoer word soos, 'n siviele vonnis van daardie hof.

(9) Wanneer 'n bydrae deur enigiemand aan die fonds verskuldig is en die Sekretaris ten opsigte van enige bedrag van sodanige bydrae van mening is dat dit nie verhaal kan word nie of dat dit, in die omstandighede van die geval, nie verhaal behoort te word nie, kan hy gelas dat daardie bedrag afgeskryf word.

(10) (a) Geen bydraes of ander betalings aan die fonds deur 'n werkgewer ingevolge hierdie Wet verskuldig, is na die verstryking van sewe jaar nadat sodanige bydraes of ander betalings aan die fonds verskuldig geword het, verhaalbaar nie.

(b) Geen bydraes of ander betalings wat ingevolge hierdie Wet deur 'n werkgewer aan die fonds heet betaal te gewees het, is verhaalbaar na die verstryking van sewe jaar nadat bedoelde bydraes of ander betalings aldus betaal is nie.

State wat deur werkgewers verstrekt moet word.

30. (1) Elke ingevolge artikel 29 bydraeplichtige werkgewer moet, binne tien dae na die einde van elke kalendermaand, of indien hy gedurende die loop van 'n kalendermaand ophou om 'n werkgewer te wees, binne tien dae nadat hy aldus opgehou het om 'n werkgewer te wees, of binne die verdere tydperk wat die Sekretaris toelaat, tesame met die bedrag van die bydraes wat hy ingevolge artikel 29 (3) moet betaal, aan die Sekretaris 'n staat in die voorgeskrewe vorm instuur wat die besonderhede ten opsigte van daardie maand of, na gelang van die geval, die betrokke gedeelte van daardie maand, wat voorgeskryf word, bevat.

(2) Indien 'n werkgewer op meer as een plek besigheid dryf of as hy meer as een soort besigheid dryf, moet hy, tensy anders deur die Sekretaris daartoe gemagtig, 'n afsonderlike staat ten opsigte van elke plek of soort besigheid instuur.

Versuim om bydraes of ander gelde te betaal.

31. (1) Indien 'n werkgewer nie die bedrag van bydraes of 'n ander betaling op die tyd wanneer dit betaalbaar word, betaal nie, kan die Sekretaris, na goeë dunde, 'n pene, wat of in die algemeen of spesiaal vasgestel word, van hoogstens tien persent van die onbetaalde bedrag, of een rand, watter bedrag ook al die grootste is, aan die werkgewer oplê en dit op hom verhaal: Met dien verstande dat die Sekretaris van so 'n pene of 'n gedeelte daarvan afstand kan doen.

(5) Whenever a contributor's employment with an employer commences or is terminated during the course of any week, the contribution of that contributor in respect of that week shall be reduced *pro rata* according to the number of days of his employment during that week, part of a day counting as a whole day.

(6) (a) When a contributor is for any reason absent from work during any week and is owing to such absence entitled to less than one day's earnings in respect of that week, that week shall not for the purposes of this Act be regarded as a period of employment and no contributions shall be payable in respect of that contributor for that week.

(b) When a contributor is for any reason absent from work during a portion of any week and is entitled to at least one day's earnings in respect of that week, that week shall for the purposes of this Act be regarded as a period of employment and contributions shall be payable at the full rate in respect of that contributor for that week.

(7) An employer shall not, in respect of the contributions due to the fund by a contributor in his employ, deduct from the earnings of that contributor an amount in excess of the amount prescribed by this Act, nor receive from the contributor any consideration in respect of the employer's own contributions.

(8) (a) An employer who is convicted of a contravention of subsection (7) shall, in addition to any penalty that may be imposed upon him, be ordered by the court convicting him, to refund to the contributor concerned, or if the whereabouts of the contributor are unknown, to pay to the fund, within such time as the court may direct, any amount deducted or consideration received in contravention of that subsection.

(b) Any such order of the court shall have all the effects of, and may be executed as if it were, a civil judgment of that court.

(9) Whenever any contribution is due by any person to the fund and the Secretary is in respect of any amount of such contribution of the opinion that it cannot or should not, under the circumstances of the case, be recovered, he may direct that such amount be written off.

(10) (a) No contributions or other payments due to the fund under this Act by an employer shall be recoverable after the expiration of seven years after such contributions or other payments became due to the fund.

(b) No contributions or other payments purporting to have been paid to the fund under this Act by an employer shall be recoverable after the expiration of seven years after such contributions or other payments were so paid.

30. (1) Every employer liable to contribute in terms of section 29 shall, within ten days after the end of every calendar month, or if he ceases to be an employer during any calendar month, within ten days after so ceasing to be an employer or within such further period as the Secretary may allow, transmit to the Secretary, together with the amount of the contributions he is required to pay in terms of section 29 (3), a statement in the prescribed form containing such particulars in respect of that month or the relevant portion of that month, as the case may be, as may be prescribed.

Statements to be furnished by employers.

(2) If an employer carries on business in more than one place or carries on more than one class of business he shall, unless otherwise authorized thereto by the Secretary, transmit a separate statement in respect of each place or class of business.

31. (1) If the amount of any contributions or any other payment is not paid by an employer at the time when it becomes payable, the Secretary may, in his discretion, impose upon and recover from the employer a penalty, determined either generally or specially, of not exceeding ten per cent of the amount unpaid, or one rand, whichever is the greater: Provided that the Secretary may waive any such penalty in whole or in part.

Failure to pay contributions or other moneys.

(2) Wanneer 'n werkgewer skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 61 (1) (j) (i) of (iv), moet die hof wat hom skuldig bevind het, ondersoek instel na die onbetaalde bedrag en dit vasstel en hom beveel om daardie bedrag binne 'n deur die hof bepaalde tydperk aan die Sekretaris te betaal.

(3) 'n Bevel wat kragtens subartikel (2) uitgevaardig is, het al die gevolge van, en kan uitgevoer word soos 'n siviele vonnis ten gunste van die Sekretaris.

(4) Indien 'n werkgewer versuim om 'n staat, inligting of besonderhede wat ingevolge artikel 30 of ingevolge 'n regulasie met betrekking tot inligting of besonderhede wat deur 'n kragtens hierdie Wet bydraeplichtige werkgewer verstrekkend moet word, voorgeskryf is, aan die Sekretaris binne die voorgeskrewe tydperk te stuur, kan die Sekretaris die deur die werkgewer betaalbare bedrag van bydraes vasstel, en die bedrag aldus vasgestel, word, waar daar geen bevel deur 'n hof ingevolge subartikel (2) uitgevaardig is nie, vir die doel van die vasstelling van 'n ingevolge hierdie Wet oplegbare pene of van die bepaling van die bedrag van 'n eis om teen 'n afgestorwe of insolvente boedel of teen 'n maatskappy in likwidasie ingedien te word, geag die bedrag van die deur daardie werkgewer aan die fonds verskuldigde bydraes te wees.

(5) Indien 'n werkgewer ten opsigte van enige kalendermaand 'n bedrag aan die Sekretaris aanbied wat minder is as die bedrag wat daardie werkgewer ingevolge artikel 29 (3) ten opsigte van daardie kalendermaand moet betaal, kan die Sekretaris die aangebode bedrag aanneem en die werkgewer aansê om binne die tydperk wat die Sekretaris bepaal, die verskil tussen die aangebode bedrag en die betaalbare bedrag, soos deur die Sekretaris vasgestel, aan die fonds te betaal, en kan hy daarbenewens, na goeë dunks, daardie werkgewer gelas om aan die fonds 'n pene te betaal van so 'n bedrag van hoogstens die verskil tussen die aangebode bedrag en die deur daardie werkgewer betaalbare bedrag, as wat die Sekretaris bepaal, of kan hy van so 'n pene of enige gedeelte daarvan afstand doen.

(6) (a) 'n Werkgewer wat hom veronreg voel deur die oplegging aan hom van 'n pene kragtens subartikel (5) kan na die Minister teen so 'n pene appelleer, mits die appèl binne veertien dae na die datum waarop die betrokke werkgewer van die oplegging van daardie pene kennis ontvang het, skriftelik ingedien word.

(b) Op so 'n appèl kan die Minister—

- (i) van die deur die Sekretaris opgelegde pene of 'n gedeelte daarvan afstand doen; of
- (ii) die pene verhoog tot 'n bedrag van hoogstens twee maal die in genoemde subartikel (5) vermelde maksimum bedrag; of
- (iii) die appèl van die hand wys.

Werkgewers moet aantekeninge hou.

32. (1) Elke werkgewer moet ten opsigte van elke bydraer by hom in diens aantekeninge hou van betaalde verdienstes, gewerkte tyd en betaling vir stukwerk of oortyd en van al die ander besonderhede wat voorgeskryf word, en moet so 'n aantekening bewaar vir 'n tydperk van sewe jaar na die datum waarop dit gemaak word.

(2) 'n Werkgewer moet die in subartikel (1) bedoelde inligting aan die Sekretaris verstrekkend in die vorm en op die tye wat voorgeskryf word.

(3) 'n Werkgewer moet te alle redelike tye die in subartikel (1) bedoelde aantekeninge aan 'n inspekteur op sy versoek ter insae oorleë.

(4) Aantekeninge wat ingevolge 'n wetsbepaling gehou word en die kragtens subartikel (1) vereiste besonderhede bevat, word beskou as aantekeninge wat daardie subartikel voorskryf ten opsigte van die persone op wie sodanige aantekeninge betrekking het.

Bydraers se verslagkaarte.

33. (1) Die Sekretaris reik aan elke werkgewer 'n verslagkaart in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse uit ten opsigte van elke bydraer in sy diens.

(2) Elke werkgewer moet ten opsigte van elke bydraer in sy diens elke verslagkaart wat ingevolge subartikel (1) aan hom uitgereik word of ingevolge subartikel (4) aan hom oorhandig word, behou tot tyd en wyl die dienste van die betrokke bydraer deur hom beëindig word, en by sodanige beëindiging van sy dienste moet die werkgewer en die betrokke bydraer die toepaslike gedeeltes van die verslagkaart invul en daarna moet die werkgewer dit aan die betrokke bydraer oorhandig.

(2) Whenever an employer has been convicted of an offence under section 61 (1) (j) (i) or (iv) the court convicting him shall enquire into and determine the amount unpaid and shall order him to pay that amount to the Secretary within a period fixed by the court.

(3) An order made under subsection (2) shall have all the effects of, and may be executed as if it were, a civil judgment in favour of the Secretary.

(4) If an employer fails to transmit to the Secretary within the prescribed period any statement, information or particulars prescribed under section 30 or under any regulation relating to information or particulars to be furnished by an employer liable to contribute to the fund under this Act, the Secretary may determine the amount of the contributions payable by the employer, and the amount so determined shall, where no order has been made by a court in terms of subsection (2), be deemed to be the amount of the contributions due to the fund by that employer for the purpose of determining a penalty imposable under this Act or of fixing the amount of a claim to be lodged against a deceased or insolvent estate or against a company in liquidation.

(5) If an employer tenders to the Secretary in respect of any calendar month an amount which is less than the amount which that employer is in terms of section 29 (3) required to pay in respect of that calendar month, the Secretary may accept the amount tendered and call upon the employer concerned to pay to the fund, within such time as the Secretary may determine, the difference between the amount tendered and the amount payable, as determined by the Secretary, and may, in addition, in his discretion, require that employer to pay to the fund as a penalty such an amount, not exceeding the difference between the amount tendered and the amount payable by that employer, as the Secretary may determine, or he may waive any such penalty in whole or in part.

(6) (a) An employer aggrieved by the imposition upon him of a penalty under subsection (5) may appeal to the Minister against such penalty, provided the appeal is lodged in writing within fourteen days after the date on which the employer concerned is notified of the imposition of that penalty.

(b) The Minister may, on any such appeal—

- (i) waive the penalty imposed by the Secretary in whole or in part; or
- (ii) increase the penalty to an amount not exceeding twice the maximum amount specified in the said subsection (5); or
- (iii) dismiss the appeal.

32. (1) Every employer shall keep in respect of every contributor employed by him records of earnings paid, time worked and payment made for piecework or overtime and of any such other particulars as may be prescribed, and shall retain any such record for a period of seven years after the date on which it is made. Employers to keep records.

(2) An employer shall furnish the Secretary with the information referred to in subsection (1) in such form and at such times as may be prescribed.

(3) An employer shall at all reasonable times produce the records referred to in subsection (1) on demand to any inspector for his inspection.

(4) Records kept under any law which contain the particulars required under subsection (1) shall be deemed to be records prescribed by that subsection in respect of the persons to whom such records relate.

33. (1) The Secretary shall issue to every employer a record card in the form and manner prescribed in respect of every contributor employed by him. Contributors' record cards.

(2) Every employer shall in respect of every contributor employed by him retain every record card issued to him in terms of subsection (1) or delivered to him in terms of subsection (4), until such time as the services of the contributor concerned are terminated by him, and upon such termination of his services the employer and the contributor concerned shall complete the relevant portions of the record card and thereafter the employer shall deliver it to the contributor concerned.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (2), moet die werk-gewer van 'n bydraer wat ingevolge artikel 38 (4) of 39 (3) geag word werkloos te wees en wat om 'n toelae of voordele aansoek gedoen het, op versoek van 'n eisebeampte die verslagkaart van daardie bydraer tesame met 'n staat bevattende die inligting en besonderhede ten opsigte van die bydraer wat voorgeskryf is, onverwyld aan daardie beampte deurstuur.

(4) 'n Bydraer behou sy verslagkaart wat ingevolge subartikel (2) aan hom oorhandig word totdat hy deur die eisebeampte, wanneer hy ingevolge artikel 35 om voordele of 'n toelae kragtens artikel 38 of 48 aansoek doen, aangesê word om dit aan hom te oorhandig, of totdat hy weer as 'n bydraer in diens geneem word, wanneer hy dit aan sy nuwe werk-gewer moet oorhandig.

HOOFSTUK VI.

BETALING VAN VOORDELE EN TOELAES.

Voordele aan bydraers.

34. 'n Bydraer wat na die eerste dag van Januarie 1947 werkloos geword het of word, is, behoudens die bepalings van hierdie Wet, geregtig om gedurende die tydperk van werkloosheid uit die fonds die voordele te ontvang wat by artikels 36, 37 en 39 voorgeskryf word of wat van tyd tot tyd kragtens artikel 45 vasgestel word.

Aansoeke om voordele.

35. (1) 'n Aansoek om voordele kragtens hierdie Wet word deur die persoon wat daarop geregtig is, gedoen op die voorgeskrewe vorm by die eisebeampte wat seggenskap het in die gebied waarin die bydraer woonagtig is.

(2) Die eisebeampte moet die applikant se aanspraak op voordele ondersoek en indien oortuig dat hy daarop geregtig is, die aanspraak erken en die betaling van voordele magtig soos by artikel 34 voorgeskryf.

(3) Die applikant moet aan die eisebeampte die bewyse voorlê van sy ononderbroke werkloosheid gedurende enige tydperk ten opsigte waarvan hy op voordele aanspraak maak wat die eisebeampte vereis.

(4) Wanneer iemand om voordele aansoek doen of dit ontvang, moet hy die eisebeampte oortuig dat hy nie in staat is om geskikte werk te kry nie, en moet hy hom vir dié doel aanmeld op die plekke en tye wat die eisebeampte bepaal.

(5) Iemand wat om voordele aansoek gedoen het en wat volgens die oordeel van die betrokke eisebeampte sy werk verloor het deur sy eie wangedrag of sy diens vrywillig sonder gegronde rede verlaat het, moet ook gedurende 'n tydperk waartydens hy ingevolge artikel 41 (1) (g) nie op voordele geregtig is nie, aan die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel voldoen.

(6) Wanneer iemand om voordele aansoek doen, kan die eisebeampte eis dat hy tot oortuiging van die eisebeampte bewys lewer dat hy daadwerklik werk soek of gesoek het.

Skale van voordele.

36. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, word die voordele wat aan 'n bydraer gedurende 'n tydperk van werkloosheid betaalbaar is, bereken teen die hieronder genoemde skale wat van toepassing is op die groep waarin hy laas werksaam was, naamlik:

Groep I: R2.45 per kalenderweek of driekwart van sy weeklikse verdienste, na gelang van watter bedrag die minste is;

Groep II: R3.50 per kalenderweek of driekwart van sy weeklikse verdienste, na gelang van watter bedrag die minste is;

Groep III: R4.55 per kalenderweek;

Groep IV: R5.60 per kalenderweek;

Groep V: R6.65 per kalenderweek;

Groep VI: R7.70 per kalenderweek;

Groep VII: R8.75 per kalenderweek;

Groep VIII: R9.80 per kalenderweek;

Groep IX: R10.85 per kalenderweek;

Groep X: R11.90 per kalenderweek;

Groep XI: R13.30 per kalenderweek;

Groep XII: R14.00 per kalenderweek;

Met dien verstande dat 'n eisebeampte, indien hy oortuig is dat 'n bydraer in meer as een groep werksaam was maar nie in die groep waarin hy laas werksaam was vir meer as twee-en-vyftig weke gewerk het nie, of wanneer daar 'n geskil bestaan oor die groep waarin die bydraer laas werksaam was, kan bepaal dat voordele betaal word ten opsigte van die groep waarin na sy oordeel die bydraer gewoonlik werksaam is of te eniger tyd

(3) Notwithstanding the provisions of subsection (2), the employer of a contributor who is, in terms of section 38 (4) or 39 (3) deemed to be unemployed, and who has applied for an allowance or benefits, shall, at the request of a claims officer, forthwith forward to that officer the record card of that contributor, together with a statement containing such information and particulars in respect of the contributor as may be prescribed.

(4) A contributor shall retain his record card delivered to him in terms of subsection (2) until he is required by the claims officer to deliver it to him when applying for benefits in terms of section 35 or an allowance under section 38 or 48 or until he is again employed as a contributor when he shall deliver it to his new employer.

CHAPTER VI.

PAYMENT OF BENEFITS AND ALLOWANCES.

34. A contributor who became or becomes unemployed after the first day of January, 1947, shall, subject to the provisions of this Act, be entitled to receive out of the fund during the period of unemployment, such benefits as are prescribed by sections 36, 37 and 39, or as may be fixed from time to time under section 45. Benefits to contributors.

35. (1) Application for benefits under this Act shall be made by the person entitled thereto, in the form prescribed, to the claims officer having jurisdiction in the area in which the contributor resides. Applications for benefits.

(2) The claims officer shall investigate the applicant's claim to benefits and, if satisfied that he is entitled thereto, admit the claim and authorize the payment of benefits as prescribed by section 34.

(3) The applicant shall submit to the claims officer such proof of his continuous unemployment during any period in respect of which he claims benefits as the claims officer may require.

(4) Any person, when applying for or in receipt of any benefits, shall satisfy the claims officer that he is unable to obtain suitable work and shall for this purpose attend at such places and such times as the claims officer may determine.

(5) Any person who has applied for benefits and who in the opinion of the claims officer concerned lost his employment through his own misconduct or voluntarily left his employment without just cause, shall also during any period during which he is in terms of section 41 (1) (g) not entitled to receive benefits, comply with the provisions of subsection (4) of this section.

(6) When any person applies for benefits the claims officer may require him to submit proof to the satisfaction of the claims officer that he is, or has been, actively seeking work.

36. Subject to the provisions of this Act, the benefits payable to a contributor during any period of unemployment shall be at the undermentioned rates applicable to the group in which he was last employed, as follows: Rates of benefits.

- Group I: R2.45 per calendar week or three-quarters of his weekly earnings, whichever is the less;
- Group II: R3.50 per calendar week or three-quarters of his weekly earnings, whichever is the less;
- Group III: R4.55 per calendar week;
- Group IV: R5.60 per calendar week;
- Group V: R6.65 per calendar week;
- Group VI: R7.70 per calendar week;
- Group VII: R8.75 per calendar week;
- Group VIII: R9.80 per calendar week;
- Group IX: R10.85 per calendar week;
- Group X: R11.90 per calendar week;
- Group XI: R13.30 per calendar week;
- Group XII: R14.00 per calendar week;

Provided that the claims officer may, if he is satisfied that a contributor has been employed in more than one group but has not been employed in the group in which he was last employed for more than fifty-two weeks, or whenever there is a dispute as to the group in which a contributor was last employed, determine that benefits be paid in respect of the group in which he considers the contributor is or was at any time normally employed, or if in

gewoonlik werksaam was, of indien daar na sy oordeel nie gesê kan word dat die bydraer gewoonlik in die een of ander groep werksaam is nie, dan op die grondslag wat hy onder die omstandighede billik ag.

**Betaling van
voordele.**

37. (1) Die bedrag van voordele waarop 'n bydraer geregtig kan word, word ten opsigte van 'n kalenderweek bereken, en die bedrag van die voordele ten opsigte van 'n tydperk van minder as 'n kalenderweek word bereken op die grondslag van sewe werksdae in 'n kalenderweek, en vir die doeleindes van hierdie subartikel word 'n halwe werksdag as 'n volle werksdag gereken.

(2) Behoudens die bepalinge van artikels 47 en 49, oorskry die voordele wat aan 'n bydraer betaal kan word nie—

(a) een week se voordele vir elke voltooide vier weke diens as 'n bydraer tussen die eerste dag van Januarie 1950 en die dertigste dag van Julie 1962 nie; en

(b) een week se voordele vir elke voltooide ses weke diens as 'n bydraer op of na die dertigste dag van Julie 1962 nie.

(3) Voordele word nie aan 'n bydraer vir meer as ses-en-twintig weke gedurende enige tydperk van twee-en-veertig agtereenvolgende weke betaal nie: Met dien verstande dat die raad, op aansoek in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, na goeddunke, maar behoudens die bepalinge van artikel 41 (1) (m), die betaling van verdere voordele aan 'n bydraer of enige klas bydraer kan magtig teen of die volle of die verminderde skale en vir die tydperk wat hy goetvind.

(4) Wanneer na die oordeel van die eisebeampte die aantal geleenthede waarop of die tydperke waartydens 'n bydraer werkloos geword of werkloos gebly het, buitengewoon hoog is in vergelyking met die van ander bydraers wat dieselfde soort werk doen as die wat die bydraer gewoonlik doen, kan die eisebeampte, vir die tydperk wat hy bepaal, die betaling van voordele teen verminderde skale magtig, of die betaling van voordele weier na gelang hy goetvind.

(5) (a) 'n Bydraer wat sy werk verloor en wat van sy laaste werkgewer loon in plaas van 'n tydperk van kennisgewing ontvang, word geag gedurende sodanige tydperk in diens te gewees het.

(b) 'n Bydraer word nie geag werkloos te wees gedurende 'n tydperk waartydens hy opleiding vir werk ingevolge 'n skema ontvang nie.

(6) 'n Bydraer word geag in diens te gewees het gedurende enige tydperk waarvoor hy kragtens artikel 140 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), loon ontvang het.

(7) Indien daar in 'n besigheid ingevolge 'n vakansieskema 'n werkstilstand is vir 'n tydperk (in hierdie subartikel die vakansie-tydperk genoem), word 'n bydraer wat voor die aanvang van die vakansie-tydperk laas in sodanige besigheid in diens was nie geag (behalwe vir die doeleindes van artikel 39) werkloos te wees gedurende daardie tydperk nie, tensy hy die eisebeampte oortuig dat hy nie slegs weens die vakansie-tydperk werkloos is nie.

(8) Gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan voordele of toelae ingevolge hierdie Wet aan 'n persoon betaal word, word hy by die toepassing van artikel 29 geag nie 'n bydraer te wees nie en by die toepassing van subartikel (2) van hierdie artikel geag nie as 'n bydraer in diens te wees nie.

(9) Wanneer in 'n kalenderweek ten opsigte waarvan voordele aan 'n bydraer betaalbaar is, daardie bydraer lonende werk onderneem van 'n aard wat nie gewoonlik deur hom onderneem word nie, of in 'n mate waarin dit nie gewoonlik deur hom onderneem word nie, en wat na die oordeel van die eisebeampte die werk wat andersins vir bydraers beskikbaar sou wees, verminder of waarskynlik sal verminder, word die bedrag van die aan daardie bydraer ten opsigte van 'n kalenderweek betaalbare voordele verminder met 'n bedrag wat gelykstaan met die bedrag waarmee die totaal van die betaalbare voordele en die besoldiging wat gedurende daardie week ten opsigte van sodanige lonende werk deur hom ontvang word, soos deur die eisebeampte vasgestel, die normale weeklikse verdienste wat hy van sy laaste werkgewer ontvang het, te bowe gaan.

(10) Indien 'n bydraer wat by twee of meer werkgewers in diens is, die werk verloor ten opsigte waarvan hy ingevolge artikel 2 (3) as 'n bydraer by die toepassing van hierdie Wet beskou word, is hy ondanks die feit dat hy by die ander werkgewers in diens bly, op voordele geregtig, maar die bedrag van die aan hom ten opsigte van enige kalenderweek betaalbare voordele word met 'n bedrag verminder wat gelykstaan met die bedrag waarmee die totaal van die betaalbare voordele en die verdienste wat hy ten opsigte van daardie week van die werk-

his opinion the contributor cannot be held to have been normally employed in any particular group, then on such basis as he considers equitable in the circumstances.

37. (1) The amount of any benefits to which a contributor may become entitled shall be calculated in respect of a calendar week, and the amount of benefits in respect of any period of less than one calendar week shall be calculated on the basis of seven working days in any calendar week, a short working day counting as a full working day. Payment of benefits.

(2) Subject to the provisions of sections 47 and 49, the benefits which may be paid to a contributor shall not exceed—

- (a) one week's benefits for each completed four weeks' employment as a contributor between the first day of January, 1950 and the thirtieth day of July, 1962; and
- (b) one week's benefits for each completed six weeks' employment as a contributor on or after the thirtieth day of July, 1962.

(3) Benefits shall not be paid to a contributor for more than twenty-six weeks in any period of fifty-two consecutive weeks: Provided that the board may on application in the prescribed form and manner, in its discretion, but subject to the provisions of section 41 (1) (m), authorize the payment of further benefits to any contributor or any class of contributor at either full or such reduced rates and for such period as it may deem fit.

(4) Whenever in the opinion of the claims officer the number of occasions on which or the periods during which a contributor became or remained unemployed is excessive in comparison with that obtaining among other contributors performing work of a nature similar to that normally performed by such contributor, the claims officer may, for such period as he may determine, authorize the payment of benefits at reduced rates, or refuse the payment of benefits, as he may deem fit.

(5) (a) A contributor who loses his employment and who receives from his last employer wages in lieu of a period of notice, shall be deemed to have been employed during such period.

(b) A contributor shall not be regarded as unemployed during any period during which he is undergoing training for employment under any scheme.

(6) A contributor shall be deemed to have been employed during any period for which he received wages under section 140 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951).

(7) If in any business there is, in pursuance of any holiday scheme, a stoppage of work for any period (in this subsection referred to as the holiday period), a contributor whose last employment prior to the commencement of the holiday period was in such business, shall not, except for the purposes of section 39, be regarded as unemployed during that period unless he satisfies the claims officer that he is not unemployed solely on account of the holiday period.

(8) A person shall be deemed not to be a contributor for the purposes of section 29 and not to be in employment as a contributor for the purposes of subsection (2) of this section, during any period in respect of which he is paid benefits or allowances under this Act.

(9) Whenever in any calendar week in respect of which benefits are payable to a contributor, that contributor undertakes remunerative work of a nature not ordinarily undertaken by him, or to an extent not ordinarily undertaken by him, and which in the opinion of the claims officer reduces or is likely to reduce the work which would otherwise be available to contributors, the amount of the benefits payable to that contributor in respect of any calendar week shall be reduced by an amount equal to the amount by which the aggregate of the benefits payable and the remuneration received by him during that week in respect of such remunerative work, as determined by the claims officer, exceeds the normal weekly earnings received from his last employer.

(10) If a contributor who is employed by two or more employers, loses the employment in respect of which he is in terms of section 2 (3) regarded as a contributor for the purposes of this Act, he shall, notwithstanding the fact that he continues in the employment of the other employers, be entitled to benefits, but the amount of the benefits payable to him in respect of any calendar week shall be reduced by an amount equal to the amount by which the aggregate of the benefits payable and the earnings received by him in respect of that week from the employers by whom he continues to be employed,

gewers by wie hy in diens aangehou word, ontvang, sy normale weeklikse verdienste ten opsigte van sy normale diens soos deur die Sekretaris ingevolge artikel 2 (3) vasgestel, te bowe gaan.

(11) Die tydperk ten opsigte waarvan voordele teen verminderde skale in enige kalenderweek ingevolge subartikel (10) betaal word, word by die toepassing van subartikels (2) en (3) beskou as 'n tydperk binne daardie kalenderweek wat in dieselfde verhouding staan tot die eersgenoemde tydperk as dié waarin die totale bedrag van die ten opsigte van daardie tydperk betaalde voordele staan tot die totale bedrag wat betaal sou gewees het as die bydraer voordele teen die volle skale ten opsigte van die eersgenoemde tydperk ontvang het.

Betaling van siektetoelae.

38. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3), (4) en (5) en van enige regulasies kragtens artikel 63 (1) (a), (b), (c) of (d) uitgevaardig, kan aan 'n bydraer wat vir minstens drie weke werkloos was ten gevolge van 'n ingevolge subartikel (5) vermelde siekte, indien hy nie ingevolge die voorbehoudsbepaling by artikel 41 (1) (d) op voordele geregtig is nie, uit die fonds 'n toelae betaal word teen 'n skaal en gedurende 'n tydperk gelyk aan die waarteen en waartydens hy geregtig sou gewees het om voordele te ontvang as hy vir werk geskik en beskikbaar was: Met dien verstande dat sodanige bydraer nie op 'n toelae geregtig is nie tensy hy gedurende die twee-en-vyftig weke wat die datum waarop 'n tydperk van werkloosheid geag word te begin het, onmiddellik voorafgegaan het, vir minstens dertien weke, hetsy vir 'n ononderbroke tydperk al dan nie, as 'n bydraer werkzaam was: Met dien verstande voorts dat by die toepassing van hierdie subartikel sodanige bydraer geag word as 'n bydraer werkzaam te gewees het gedurende enige tydperk waartydens hy die ononderbroke verpligte opleiding beoog in artikel 22 (2) (b) (i) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ondergaan het.

(2) 'n Bydraer is nie geregtig om kragtens subartikel (1) vir die eerste drie weke van werkloosheid 'n toelae te ontvang nie: Met dien verstande dat as die werkloosheid na die derde week voortduur, aan die bydraer ten opsigte van die eerste drie weke van werkloosheid so 'n toelae betaal kan word ten opsigte van dieselfde getal dae in daardie drie weke as die getal dae waarop hy gedurende die drie weke na die eerste drie weke werkloos is.

(3) 'n Toelae word nie aan 'n bydraer vir meer as ses-en-twintig weke gedurende 'n tydperk van twee-en-vyftig agtereenvolgende weke betaal nie: Met dien verstande dat die raad, op aansoek in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, na goeddunke, maar behoudens die bepalings van die eerste voorbehoudsbepaling by subartikel (1), die betaling van 'n verdere toelae aan 'n bydraer of klas bydraer kan magtig teen of die volle of die verminderde skale en vir die tydperk wat hy goedvind.

(4) By die toepassing van hierdie artikel word 'n bydraer ondanks die feit dat sy dienste nie beëindig is nie, geag werkloos te wees ook as hy ten gevolge van 'n ingevolge subartikel (5) vermelde siekte nie in staat is om werk te verrig nie en geen verdienste ontvang nie of van sy werkgewer, hetsy in kontant of in natura, minder as een-derde van sy normale verdienste ontvang.

(5) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Minister van Gesondheid en die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die siektes ten opsigte waarvan en die omstandighede waaronder 'n toelae kragtens subartikel (1) betaal kan word, bepaal en kan op dergelike wyse so 'n kennisgewing wysig of intrek, en by die bepaling van die omstandighede waaronder 'n toelae ten opsigte van 'n siekte betaal kan word, kan op enige wyse, hetsy op grond van die soort siekte of die behandeling daarvan of op enige ander grond, onderskeid gemaak word.

Betaling van kraamvoordele.

39. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en van enige regulasies kragtens artikel 63 (1) (e), (f), (g) of (h) uitgevaardig, kan daar aan 'n vroulike bydraer wat werkloos is, ondanks die bepalings van artikel 35 (4) of van artikel 41 (1) (d), (f), (g), (i), (j) of (k) voordele ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet betaal word—

- (a) gedurende haar swangerskap vir 'n tydperk van hoogstens agtien weke en wat nie vroeër as agtien weke voor die verwagte datum van haar bevalling begin nie; en
- (b) gedurende 'n tydperk van hoogstens agt weke na die geboorte van 'n lewende kind of vier weke na die geboorte van 'n doodgebore kind,

hetsy sy vir werk geskik en beskikbaar is al dan nie.

exceeds his normal weekly earnings in respect of his normal employment as determined by the Secretary in terms of section 2 (3).

(11) The period in respect of which benefits are paid at reduced rates in any calendar week in terms of subsection (10) shall, for the purposes of subsections (2) and (3), be regarded as a period in that calendar week bearing the same proportion to the first-mentioned period as the total amount of the benefits paid in respect of that period bears to the total amount which would have been paid had the contributor received benefits at the full rate in respect of the first-mentioned period.

